

KNOPIESPINNEKOPPE

C.M. Engelbrecht

Gedurende die afgelope paar maande het 'n hele aantal verwarrende artikels rakende knopiespinnekoppe weer in ons nuusblaaie verskyn. Die rede vir die verwarring ontstaan hoofsaaklik wanneer oorsese ensiklopedieë gebruik word om Suid-Afrikaanse spinnekoppe te identifiseer. Nou is dit so dat sommige van die oorsese dodelik giftige knopiespinnekoppe 'n rooi uurglas aan die onderkant van die agterlyf het, terwyl dit juis die geval is by die minder giftige uurglasknokie in Suid-Afrika. Die uurglasknokie kry dan telkens die naam "Giftige knokie" en paniek ontstaan omdat 'n skaars spinnekop nou skielik volop om die huis voorkom.

Knopiespinnekoppe behoort tot die genus *Latrodectus*. In Suid-Afrika is daar twee soorte,

naamlik:

Die giftiger swart knopiespinnekop ("black widow") *Latrodectus mactans* (voorheen ook bekend as *Latrodectus indistinctus*) en die minder giftige *Latrodectus geometricus*.

Albei soorte het gifkliere soos die meeste spinnekoppe, maar hul giftighede verskil noemenswaardig. Die gif van die giftiger *Latrodectus mactans* is na bewering tien maal meer potent as dié van die minder giftige *Latrodectus geometricus* sodat algemeen na eersgenoemde verwys word as die "giftige knokie" en laasgenoemde as die "nie-giftige" knokie. Na bewering was slegs sowat 5% van onbehandelde gevalle wat deur *L. mactans* gebyt is, noodlottig.



'n Swart variasie van die "nie-giftige" knokie.



'n Volwasse "giftige" knopie met 'n ronde gladde eierpakkie.
Die pyl dui die oorblywende oranje-rooi strepie aan.

Die stekelrige eierpakkies van die "nie-giftige" knopie.




'n Jong eksmplaar van die "giftige" knopie. Die agterlyf is reeds so groot as 'n ertjiepit.
Die pyl dui die oranje-rooi streep aan wat met ouderdom verkort.



'n Ligte grys variasie van die "nie-giftige" knopie.
Die posisie van die oranje-rooi streep.



Die agterlyf van die "nie-giftige" knopie van onder gesien. Die oranje-rooi uurglaspatroon is duidelik sigbaar tussen die geslagsopening en die spintepels.



Die "nie-giftige" knopie met die kenmerkende patrone aan die agterlyf. Die oranje-rooi uurglaspatroon word met 'n pyl aangedui.

Albei spinnekoppe kom in die Vrystaat voor. *L. geometricus* kom egter meer algemeen in en om huise, onder vensterbanke, motorhuisdeure en agter geute voor as wat die geval is met *L. mactans*.

Knopiespinnekopwyfies het meesal 'n agterlyf so groot soos 'n ertjiepit, maar daar is voorbeelde met 'n deursnee van selfs een sentimeter. Die mannetjies is kleiner as die kop van 'n vuurhoutjie.

Die algemene kleur van die "nie-giftige" knopie kan wissel van 'n ligte grys, bruin tot pikswart met 'n simmetriese skimmelpatroon aan die rugkant wat by die ligter eksemplare soms ook effense oranje merke op die rugkant insluit. Die "giftige" knopie is altyd pikswart. In albei gevalle is die voorlyf (kopborsstuk) baie tenger en breek die lang dun pote maklik af. Die kake is ook baie tenger en klein. Hulle kan moeilik deur die taai vel van 'n volwassene byt, maar makliker deur 'n kind se vel.

Die eierpakkies van *L. mactans* is glad en rond met 'n deursnee van ongeveer een sentimeter. Dié van *L. geometricus* is net so groot maar is vol stekeltjies (puntjies).

Knopiespinnekoppe leef meesal afgesonder. Hulle is geneig om gou weg te beweeg met die geringste beroering, maar byt dikwels onmiddellik wanneer hulle met 'n warm vel kontak maak of vasgedruk word. Die web van beide soorte is ongeveer tien sentimeter in deursnee en is min of meer driehoekig en baie deurmekaar.



Die mees uitstaande onderskeidende kenmerke van die twee spinnekoppe is:

Die "nie-giftige" *Latrodectus geometricus* het altyd 'n rooi-oranje uurglas aan die onderkant van die agterlyf, maak nie saak wat die lyfkleur is nie.

Die "giftige" knopie is altyd pikswart met 'n rooi strepie bo-op die agterpunt ("stuitjie") van die agterlyf. (By jonger wyfies kan hierdie strepie lank wees en sy kan selfs ook dwarsstrepie bo-op die agterlyf hê, maar sonder 'n patroon aan die onderkant).